2 Januarie
Skrifgedeelte: Matteus 25:14-30 (NAV)
Fokusgedeelte: Matteus 25:31

Vervul jou roeping, want jy is geroep!

Elke mens – of jy dit weet of nie weet nie of nie wíl weet nie – is ’n geroepene van God. Nie alle mense glo dit of sien hulle lewe as ’n roeping nie. Om jou lewe as roeping te sien, is om in jou lewe te hoor dat die Here God jou roep en dat jy moet antwoord. Dit raak nie net die groot en gewigtige sake nie, maar ook die klein dingetjies van die lewe.
In die gelykenis van die muntstukke het dié wat vyf en drie ontvang het – elkeen volgens sy bekwaamheid – gaan werk en wins gemaak. Hulle het van hulle werkgewer gehoor (Matt 25:21): “Mooi so! Jy is ’n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!”
Die man met die een talent het ’n gat gegrawe en begrafnis gehou met sy een goue talent. ’n Harde lot het dié loodswaaier getref. Die bietjie wat hy gehad het, is van hom weggeneem en hy is as ’n nuttelose slaaf uitgewerp in die buitenste duisternis (Matt 25:29, 30).
Dat jy ’n roeping van die Here het, gee ’n adel aan jou bestaan. Dit is roeping wat van die geringste roetinewerkie nie sleurwerk nie, maar edelwerk maak. Wie sy eie straatjie skoonvee, is deel van God se grondpersoneel wat die koms van die nuwe aarde voorberei. Die skoenmaker wat hom by sy lees hou, is net so ’n uitvoerder van God se meesterplan as die staatsman wat gewigtige landsbesluite neem. Ook die rystoel kan ’n preekstoel wees en die siekekamer ’n werkkamer vir roepingsvervulling.
Sing: Psalm 128:1 Dr PW Bingle (Kaapstad)